NG KERK FOKUS BERG-EN-DAL

*"Lig uit Lig,*
*tot lig vir die nasies"*
*(NICEA 1 700)*

**Sondag, 28 September 2025**
**Biddag vir Bejaardes**

***"Waar is jy?"*** **– Die Here God**

*"Die Here God het na die mens geroep en vir hom gevra: 'Waar is jy?'"*
(Genesis 3:9)
*"...maar toe die tyd vervul is, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet, sodat Hy dié onder die wet kon loskoop, sodat ons as sy kinders aangeneem kon word."*
(Galasiërs 4:4-5)
*"Want as deur die oortreding van die een mens die dood deur daardie een mens begin heers het, sal hulle wat die oorvloed van God se genade ontvang, ja, die gawe van sy regverdiging, nog soveel eerder deur die een mens, Jesus Christus, in die lewe regeer."*
(Romeine 5:17)

Uit die volmaakte skoonheid van die skepping kom die grootste tragedie en uit die grootste tragedie kom die volmaakte skoonheid van 'n nuwe skepping, van verlossing en geregtigheid. As God se skepping dan so volmaak mooi was – voltooi met die glans van God se heerlikheid daarin, waarom lyk die wêreld dan nou so? Waarom is daar soveel lyding dat mense op loop geneem kan word deur valse beloftes van 'n hemelse wegruk om hierdie aardse trauma te ontglip? Dit is nie net die vraag van September 2025 nie, maar die vraag van ballinge in Babilonië, van klein gemeentes in Klein-Asië, jare ná Christus se hemelvaart. Die Bybel antwoord ons daarop in Genesis 3 – die verhaal van die tragedie in God se mooi tuin. Hierdie wêreld met die glans van God se heerlikheid word daar en dan die agtergrond waarteen skande, ongehoorsaamheid, verwydering, vertrouensbreuk, oor-en-weer beskuldigings, verleiding, leuens, oordeel en dood 'n vastrap plek kry in die lewens van mense en in die mensdom as geheel.

Dit is in hierdie tuin van tragedie waar die eerste mense hoor dat God na hulle roep: *"Waar is jy?".* Dit is die roep van God wat die werklikheid van hulle tragedie ontbloot, maar dit is ook die manier waarop God na sy skepping kom soek, omdat hulle verlore geraak het. In dieselfde vraag is klanke van tragedie én genade. Ons bely in die woorde van die NGB Artikel 17, "*Ons glo dat ons goeie God in sy wonderlike wysheid en goedheid die mens weer opgesoek het toe Hy gesien het dat die mens homself in...die dood gewerp het...en al bewende van Hom weggevlug het...God het die mens getroos met die belofte – sy Seun, wat uit 'n vrou (Gal 4:4) gebore sou word..."* Om te hoor *"Waar is jy?",* is die vraag van God wat elke mens iewers in sy lewe moet antwoord, want saam met die skande ontdek ons die die son van redding wat skyn met genesing in sy strale – die Seun van God, ons Here en Verlosser.

**– ds. Johan Marais**

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend, gelei deur ds. Johan Marais en ons orrelis, dr. Johan Cromhout in die kerk; die gesinsdiens in die saal, deur ds. Janke Hurter. Welkom aan alle besoekers en ook diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.

## LITURGIE

**Toewydingslied:** Ps. 29: 1 (Almal), 3 (Mans), 4 (Vroue) & 5 (Almal)
Prys die Here!

**Votum:**

**Liturg –** *Here, ons Heer, hoe magtig is u Naam oor die hele aarde,*
*U wat u luister bo die hemelruim vestig.*

**Gemeente –** *...wat is 'n mens dan dat U aan hom dink...*

**Liturg –** *Wanneer ek na u hemelruim kyk, die werk van u vingers,*
*die maan en die sterre wat U gevestig het –*

**Gemeente –** *...wat is 'n mens dan dat U aan hom dink...*

**Liturg –** *U het hom net minder as 'n hemelse wese gemaak;*
*U het hom met eer en majesteit gekroon.*

**Gemeente –** *...wat is 'n mens dan dat U aan hom dink,*
*'n mensekind dat U aan hom aandag skenk? Amen*

**Seëngroet:**

**Loflied:** Lied 199:1, 2 & 3 Loof die Here uit die hemel

**Wet:** Matteus 22:34-40

**Verootmoediging:** Lied 240:1 & 2 Heiland, as in ootmoed stil

**Vryspraak**

**Geloofsbelydenis:** Lied 265:1 & 2 Enigste Here, enkele Wese

**Gebed**

**Skriflesing:** Genesis 3:1-24

**Verkondiging**

**Gebed**

**Kerkraadsbevestiging:** Br. Auret Strauss as diaken
Lied 268:1 Laat, Heer, U seën op hom daal

**Liefdegawes**

**Slotlied:** Lied 215:1(Almal), 2 (Vroue), 3 (Mans), 4 (Amal) & 5 (Almal)
Besing die lof van Jesus saam

**Seën**

**Amen & Orrelnaspel**

Jy is welkom om met die orrelnaspel weer te sit en nog ‘n oomblik van nadenke te geniet.

Ds. Jan Lubbe lei vanoggend die erediens in Loeriesfontein in die Boesmanland; die gemeente gedenk hul 90ste bestaansjaar met ‘n Nagmaalsnaweek!

**Ons kategese sluit ook vanoggend af, en hervat op Sondag, 12 Oktober 2025.**

**Ander Eredienste:**

Sondag, 28 Sept 15:30 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens)
18:00 – Ds. Janke Hurter: *Diens van Woord, stilte en gebed…* (Taizé)
Sondag, 05 Okt. 09:30 – Ds. Jan Lubbe: Genesis 4 (doop)

**MEELEWING EN VOORBIDDING**

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

28 Sept. Corrie Hoffman, Velka Laubscher, Raaitjie Oosthuizen, Derick Strauss, Aneléh van de Wall en Chantel van Zyl.
29 Sept. Edward Key, Putu Pretorius, Alfréda Schutte, Millah Smith en Zan-Mari v Rooyen.
30 Sept. Marieta Barnard, Henru de Wet, Daleen Francis, Martha v Jaarsveld & Shaun v Zyl.
01 Okt. Dionais Lamprecht, Ezelle Samuel, Diaan v/d Walt en Marguarite von Wielligh.
03 Okt. Lezahn Bosch, Yvonne du Toit, Simon Janse van Rensburg, Luan Koekemoer, Karen Scheepers, Pieter van den Berg en Johan van Rooyen.
04 Okt. Johann Swiegers, Kayla van Niekerk en Cobus van Rensburg.

Ons hartlike gelukwense aan Phillip en Celeste Hutton, met die huweliksbevestiging van hul dogter Chantelle, gistermiddag. Ons bid hul seënwense toe!

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Philip van Wyk (Wyk 18); Tannie Choppie Ferreira (Wyk 6); Herculina van Wyk (Bewarea 58, wyk 8c); Hanna-Mari Hoffman (Winterstr. 21, wyk 6a); Oom Jan van Rooyen (Serenitas 69, wyk 15a); Oom Charl Marais (Kiepersoloord 12, wyk 16); Oom Louwrens Badenhorst (Sewe Damme 113, wyk 08b); Oom Fanie van Jaarsveld (Serenitas 111, wyk 15); Oom Kowie Wessels (Hillandale Aftree-oord, wyk 12b) en Izak Herbert (Sedanstr. 4, wyk 19a). Ons dink aan almal wat op een of ander wyse 'n sieke of verswakte familielid moet ondersteun.

Ons meelewing ook aan Louise van Wyck en familie, by die heengaan van Tannie Mariaan Barkhuizen (Sewe Damme) – haar gedenkdiens is Vrydagoggend, 3 Oktober om 10:00 – en aan die familie van Tannie Alet von Molkte – haar gedenkdiens is Woensdagoggend 11:00 hier in ons Gedenktuin. Troos aan hul almal toegebid.

Vandag is ook 'n biddag in die NG Kerke vir alle bejaardes; ons lidmate wat ouer geword het – ons bid saam met julle, Psalm 71.

Ons sluit by hierdie Fokus ook inligting in oor Demensie en Alzheimers – met dank aan ADASA, daarvoor.

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.
Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) o.l.v. ds Jan Lubbe in die Konsistorie. *"Paulus, Jesus en ons – wat glo jý?"* Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 082 784 9362.
Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep (19:00) vir jongmense 19:30 o.l.v. ds. Janke Hurter: *"Op reis deur Efesiërs."* Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 078 894 9166.
Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) – in Konsistorie o.l.v. ds Johan Marais: *"Die Brief aan Efese – Die Here s'n!"* Indien jy wil inskakel, whatsApp jou naam na 084 517 8052.

## KERKRAADSAKE

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee: Wyke 17** (Noorderbloem) en **18** (Heliconhoogte, Pentagonpark, Santé) sorg in September vir ons gasvryheid Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter sorg. In **Oktober** is Wyke **18**, **19** en **20** aan die beurt. Indien jy hiermee wil help kontak die Kerkkantoor (073 180 3193).

**Verlofreëlings:**

| | |
|---|---|
| Ds. Janke Hurter | 4 tot 7 Oktober 2025 |
| Ds. Johan Marais | 7 tot 12 Oktober 2025 |
| Ds. Jan Lubbe | Tien dae tussen 10 en 29 Oktober 2025 (bywoning van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke se konferensie in Thailand en Sinode in Japan) |

## BEDIENINGE

**GEMEENTEBEDIENING**
**Berg-en-Dal Boekwinkel:** Kom maak 'n draai in ons Boekwinkel in die Kerkkantoor, vir baie interessante leesstof, boeke vir geskenke en ander produkte van CLF, BybelMedia en die Bybelgenootskap; ook Bybels in Afrikaans en Sotho en Liedboeke. Kom kry ook die jongste *Kerkbode*, en gesels saam! Winkeltye: Elke weeksoggend & Sondae ná die diens.

**GETUIENIS- EN BARMHARTIGHEID**
**Gemeentemark:** Vrydag, 3 Oktober – skenkings van bruikbare klerasie & kombuisware is welkom! Ook, nog vrywilligers wat kan kom help uitpak of verkoop; kontak 078-991-8013. Ons het o.a. uit hierdie fondse R 2 500 aan **ADASA** (Association for Dementia and Alzheimer's of South Africa) geskenk, om op só 'n manier ook te help…

**Siësta Sorgsentrum:** Siësta, Hospice en Pro Care bied bekostigbare verblyf vir individue of families wat tydelik verblyf benodig naby 'n geliefde, bejaarde of iemand wat behandeling ontvang. Kontak Viaan (083 394 7473) of Santjie (082 458 6469).

### BERG-EN-DAL KERMIS 2025 – VIR OULAAS...

BOEREPLAAS

*Ons sê baie dankie: die bedrag ingesamel deur ons saamwerk en -kuier verlede Vrydag, staan nou op ± R 229 000; daar is nog bydraes en die padwedloop wat moet bykom. Vanoggend ook nog kerrievleis en hoenderpakkies te koop in die binnehof.*

### EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

SnapScan

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 28 September: **Fonds vir Bystandprogram.** U kan ook 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal betaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005).**

**Geniet die kort vakansietydjie!**